

VILLA BULLETIN 11

11 Nuisbulletin van/News Bulletin of Bougain Villa Aftree-oord/Retirement Village

Nr 11 Nov 2019

Ons is beste in Pretoria en veselkabel in wording

Bougainvilla is vir die derde keer as die beste aftree-oord in Pretoria aangewys (kyk bladsy 2 en bladsy 4). Nog goeie nuus is dat daar begin is met die installasie van die veselkabelnetwerk. Die stelsel behoort in 2020 in werking te tree.

Hierdie nuus is op Dinsdag 22 Oktober deur Johan Coetzee, voorsitter van die Huiseienaarsvereniging, op die maandelikse inligtingssessie bekend gemaak.

Johan het oor verskeie sake terugvoering gegee en 'n opsomming daarvan word in hierdie uitgawe van Villa Bulletin weergegee.

Veselkabel

Die voorsitter het gesê dat die installering van veselkabel 'n nuwe wêreld in die elektroniese era oopmaak. Ligseine word deur glasveselkabels gestuur en is stabiel met blitsvinnige, onbeperkte/*uncapped* data en ongevormde/*unshaped* (spoed gewaarborg), nie-gereguleerde (*unthrottled*) veselinternet. Daar kan onbeperkte video en WhatsApp-oproepe gemaak word en selfs as TV-sein gebruik word, indien so verkies.

Daar sal in elke wooneenheid 'n veseltoegangspunt geïnstalleer word, ook bekend as die eindpunt (EP/TP). Inwoners sal self kan besluit of hulle van die diens gebruik wil maak en ook hulle eie diensverskaffer kies.

Die kabel word in die bestaande pypies (sleeves) gelê en daar sal met inwoners afsprake gemaak word wanneer die betrokke eenheid aan die beurt kom. Die bestaande binne-telephone word behou maar sal slegs vir interne oproepe gebruik kan word.

Johan het beklemtoon dat daar tans net 'n bewuswording oor die saak gekweek word en dat nadere inligting mettertyd verskaf sal word.

(Vervolg op bladsy 3)



Lees en bêre hierdie Bulletin (nommer 11)

Inligting hierin vervat kan handig te pas kom. Liasseer of hou dit op 'n veilige plek

Bron van Bulletin se inligting

Tensy anders vermeld is die inligting in hierdie Bulletin verkry uit amptelike bronne soos dokumente en byeenkomste en vergaderings wat in die Villa plaasgevind het.

HEV-bestuur

Daar is vyf direkteure wat verantwoordelik is vir portefeuljes. Direkteure het ook direksiekomiteeëde wat hulle bystaan met aspekte van die bepaalde portefeuljes.

Voorsitter: Johan Coetzee

Ondervoorsitter: Jan Buter
Komiteeëde: Ria Andrews en Johann Lemmer

Direkteur: Chris Höll

Direkteur: Colleen McGillivray

Direkteur: Casper Erasmus

Oordbestuurder: Ricus Groenewald.

Die volledige organogram is op die kenningsgewingbord

Villa Bulletin

Verslae en bladuitleg:
Johann Lemmer

Stuur kommentaar aan
lemmerj@mweb.co.za

Bougainvilla is vir die derde keer aangewys as die beste aftree-oord in Pretoria



Best Retirement Village
Bougainvilla Retirement
Village


Sunette Visser
GROUP EDITOR


Sabine Goodwin
ADVERTISING MANAGER

Veselkabel (vanaf voorblad)

Die stelsel sal 'n baie stabiele internet- en landlyn-verbinding skep.

Begroting

Daar is ver gevorder met die opstel van die Huis-eienaarsvereniging se begroting vir die 2020-2021 boekjaar. Dit sal in November aan eienaars beskikbaar gestel word vir kommentaar.

**INLIGTINGSESSIE
OOR BEGROTING
20 JANUARIE 2020
15:00 IN DIE SAAL**



Direkteur Jan Buter het die volgende algemene opmerkings oor die begroting gemaak: Die uitgawes vir munisipale dienste behels ongeveer 20% van die begroting en 50% vir dienste wat deur kontrakteurs gelewer word soos sekuriteit, tuindienste, vullisverwydering ens. Die 30% wat oorbly word aangewend vir die ander behoeftes.

Straatname

Soos voorheen genoem het almal geleentheid gehad om name voor te stel. Die indeling is gemaak vir voël, diere en blomname en dis in alfabetiese orde aan strate toegewys. Daar word 'n opname gemaak van die getalle en koste van die projek.


Die ryhuise se stegies is alfabeties genommer en

**Kiosk en Perk Up
Geniet koffie, koek
en versnaperinge
en gesels lekker
in ons eie
koffiewinkel**



die woonstelgange is ook benoem. Die geboue wat tans as blok A, B, C en D bekendstaan sal ook blomme name kry en die aanduidings waar bepaalde eenhede is sal meer gebruikersvriendelik gemaak word.

Webblad en Facebook



Die HEV se webblad kan by www.bougainvilla-aftreeoord.co.za besigtig word. Daar is baie inligting beskikbaar. Bougainvilla-Aftreeoord se Facebookblad het ook uitgebrei en inwoners word aangemoedig om daarby aan te sluit en plasings daarop te doen. Daar verskyn reeds baie inskrywings en foto's oor sosiale geleenthede.

Biblioteek

Die biblioteek is vol en daar kan ongelukkig nie verdere skenkings van enige aard ontvang word nie. Die uitsondering is egter nuwe of onlangs gepubliseerde boeke. In so 'n geval moet u asseblief eers met Alet Lemmer by Huis #86 skakel (6086) sodat 'n reëling getref kan word.



Sleutels vir noodgevalle

Inwoners se aandag word daarop gevestig dat die oord verplig is om in nood-situasies toegang tot wooneenhede te verkry. Daarom is dit noodsaaklik dat duplikate van die voordeure by die Sorgsentrum ingehandig word. As iemand dit om bepaalde redes nie wil doen nie, moet u asseblief 'n vrywaringvorm by die kantoor invul.



gg63889061 www.gograph.com

LEEFSTYLGIDS BESKIKBAAR
Beskikbaar: 'n Nuwe bygewerkte Leefstylgids van Bougainvilla Aftreeoord insluitend aspekte van die Gedragskode en ander Reëls en Regulasies wat ingevolge die Akte van Oprigting uitgevaardig is. Blokleiers is besig om dit by wooneenhede te besorg.

Projekte in die pylyn

Daar is tans nie 'n doeltreffende plek vir buitelugfunksies nie en daarom word oorweging geskenk om die braaiarea en die terrein aangrensende die koffiewinkel op te gradeer. Daar word ook gedink aan afdakkies vir die kragopwekker en vulliskamer. Die toemaak van stoepe om in die behoefte van lokale te voorsien is ook onder oorweging. Voorlopige planne is laat teken en sal mettertyd aan lede van die Huiseienaarsvereniging voorgelê word. Die uitgangspunt is dat dit wat oor tyd (in fases) opgerig word nie sal afsteek by bestaande strukture nie, dus nie afskeepwerk nie.

Muur van herinnering



Die mense by die inligtingssessie se mening is gevra oor die moontlikheid van 'n muur van herinnering. Daar was inwoners wat ten gunste daarvan was, maar ook daarteen gekant is. Dit hoef nie noodwendig 'n nis te wees nie,

maar bloot 'n plaatjie wat 'n aanduiding is dat mense hulle laaste dae in die oord deurgebring het.

Inwoners se selfoonnommers

Is die meeste resente selfoonnommers van alle inwoners op rekord by die kantoor? Maak seker asseblief, ook of die kontakbesonderhede van naasbestaendes op datum is.

Toets of jou panieknoppie werk



Skakel 7020 op die binnefoon met die panieknoppie in jou hand en druk dit vir twee sekondes terwyl jy met die persoon wat by die Sorgsentrum die oproep beantwoord het praat. Jy sal sommer self hoor hoe lui die alarm aan hulle

kant. Die Sekuriteit sal ook reageer.

As dit nie werk nie moet u asseblief kontroleer of dit nie 'n batteryprobleem is nie. Trek die Vellux-etiket af en maak die twee skroefies los.

Noodinligting agter voordeur

Hierdie vorm moet asseblief ingevul en agter die voordeur of 'n prominente plek vertoon word. Dis by die oordsuster beskikbaar.

Parkering op terrein

Daar is 'n behoefte dat parkering aangewys word ten tye van geleenthede wat deur mense van buite die oord bygewoon word. Die praktiese uitvoerbaarheid word ondersoek.

Oordbussie

As daar moontlik iemand is wat belangstel om die oordbussie na geleenthede (nie inkopies nie) te bestuur, is hulle welkom om met Ricus (oordbestuurder) in aanraking te kom. Die koste van die PDP-lisensie sal deur die oord gedra word.



Verbande op eiendom

Eienaars wat nog verbande afbetaal se versekering moet op bankwaardasie gedoen word. Neem kennis dat die premie met ingang van 1 November aangepas word. Stel asseblief die bestuursagent in kennis as die verband afgelos is.

LAAT NUUS

Kaas- en wynfunksie

'n Baie geslaagde kaas- en wynfunksie is onlangs gehou waar die sertifikaat "Best of Pretoria" aan BougainVilla Aftree-oord oorhandig is. Dit is die derde keer in die afgelope vier jaar dat ons aftree-oord met hierdie toekenning vereer word.

Die funksie is wyd geadverteer en inwoners kon dit vir R20 bywoon. Die res is deur ander instansies geborg.

Die organiseerder van die geleentheid, Chris Höll, het sy tevredenheid uitgespreek en gesê dit beteken baie vir die beeld van Bougainvilla as aftree-oord van keuse.

Die media was verteenwoordig. Onderhoude is gevoer met Johan Coetzee en Jan Buter, onderskeidelik voorsitter en ondervoorsitter van die huiseienaarsvereniging.

Die onderhoude is ook op video opgeneem en sal weldra beskikbaar gestel word. Dit is ook geborg.

Berigte oor hierdie onderhoude verskyn in die eersvolgende Villa Bulletin.